

Maandag

Mat. 4: 1 – 11; 23: 8 – 10; 27: 35 44; 28: 18 – 20. Teks: Mat. 6: 9,13: “Ons Vader wat in die hemel is, verlos ons van die Bose.” Tema: 'Ons vra die Vader dat sy gekruisigde Seun ons Here en Christus sal wees.' Jesus Christus se versoeking in die woestyn wys vir ons hoe die Satan Jesus se mag om Christus en God met ons te wees (Mat. 28: 18 -20), probeer breek. Dit wys nie vir ons hoe ons self met die Satan moet baklei nie. Wanneer geestelikes ons probeer leer dat Jesus se versoeking vir ons wys hoe ons self teen die Satan moet baklei, dan word Jesus se versoeking amper soos iets uit die fliëks oor Harry Potter. Elke keer wanneer die Satan Jesus met 'n Bybelversie versoek, dan kap Jesus hom met 'n sterker versie. Dit is soos Harry Potter en Lord Valdomor wat met toorstokkies kyk watter sterkste toorwoorde kan hulle oor mekaar uitspreek. Predikante en pastore wat vir ons leer dat ons soos Jesus ons Bybelversies beter as die Duiwel moet ken om hom mee terug te kap, praat nonsens. Wat Jesus hier en aan die kruis doen, wys ons nie hoe ons met Bybelversies soos toorwoorde teen die Duiwel moet stry en baklei nie. Jesus het ons nie kom wys hoe om teksversiekompetisies met die Duiwel te wen nie. Jesus se versoeking wys ons hoe Jesus ons verlos van die Satan sodat Satan nooit weer met ons hoef te stry of te baklei nie. Daarom bid ons nie dat Jesus ons die versies moet leer om die Duiwel mee terug te kap nie. Ons bid dat Hy ons só van die Duiwel sal verlos, dat hy ons nooit weer kan verlei of met ons kan baklei nie.

Die Duiwel probeer hier in die woestyn Jesus se mag om Here en Christus te wees, op 3 maniere breek:

- a. deur van Jesus 'n wonderbewerker,
 - b. 'n geestelike leier
 - c. en 'n politieke diktator
- te probeer maak.

Só probeer hy met valse Christusbeelde die Here se mag om die gekruisigde Christus en God met ons te wees (Mat.28:20), te breek.

Dinsdag

Mat. 4: 1 – 11; 23: 8 – 10; 27: 35 44; 28: 18 – 20. Teks Mat. 6: 9,13: “Ons Vader wat in die hemel is, verlos ons van die Bose.” Tema: 'Ons vra die Vader dat sy gekruisigde Seun ons Here en Christus sal wees.' Die Duiwel probeer in die woestyn Jesus se mag om Christus vir ons en God met ons (Mat. 28:18-20) te breek. Hy maak asof Jesus sy goddelike mag moet gebruik om sy moeilike lewe op aarde in 'n fantasie van geluk en voorspoed te moet verander deur van klippe in die woestyn brode te maak. Dan maak hy asof Jesus met goddelike mag moet bewys dat Hy soos “Superman” van die tempel se dak met goddelike krag en mag saggies af sak in plaas daarvan om Homself dood te val. Sóú Jesus hierdie "goddelikheid" demonstreer sou die vromes en regverdiges glo dat Hy hulle met God se krag en mag bemagtig vir 'n heilige oorlog vanuit die tempel van die Jode teen die godlose en slegte Romeine. Laastens maak Satan asof hy Jesus die magtigste man op aarde

sal maak wat nasies met die mag van geweld sal onderwerp ás Hy geweld as sy mag aanvaar.

Dit is presies die 3 maniere waarop die mense wat in die mag van die Duiwel is, glo hulle Jesus as onmagtige kon bespot aan die kruis. Pilatus bespot Jesus met 'n politieke plakkaat bokant die kruis dat Jesus die koning van die Jode is. So gebruik Pilatus sy absolute mag in die naam van die "goddelike" keiser in Rome. So demonstreer Pilatus dat hy laat leef en dood maak wie hy wil: Jesus word vernietig deur die geweldsmag wat Hy oor nasies sou gehad het. Die mense massa wat van die stad in en uit beweeg het, het Jesus verwerp met presies DIESELFDE woorde van die Duiwel in die woestyn: "Red jouself as jy die Seun van God is, en kom van die kruis af." Dit is DIESELFDE uitdaging as om van klippe brode te maak – verander jou swaarkry in vreugde met jou eie goddelike mag! Die Joodse geestelikes het Jesus verwerp as Christus met DIESELFDE woorde van die Duiwel: spring van die tempel af, spring van die kruis af, dan is jy die tipe Christus wat ons wil hê. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Mat. 4: 1 – 11; 23: 8 – 10; 27: 35 44; 28: 18 – 20. Teks: Mat. 6: 9,13: "Ons Vader wat in die hemel is, verlos ons van die Bose." Tema: 'Ons vra die Vader dat sy gekruisigde Seun ons Here en Christus sal wees.' Die Duiwel sou Jesus se mag as Christus en Here breek deur van Hom net nóg 'n goddelike en geestelike mens te maak - soos alle wêreldse geestelikes wil wees: (Mat. 23: 8 – 10) "Maar julle moet julle nie 'rabbi' laat noem nie; net Een is julle Leermeester en julle is almal broers. Moet niemand hier op aarde as 'vader' aanspreek nie, want Een is julle Vader; die Vader in die hemel. Julle moet julle nie 'leiers' laat noem nie, want Een is julle Leier: die Christus." Die Duiwel wou Jesus net nóg 'n politieke goddelike vaderfiguur, nóg 'n goddelike leier wat met wonders sy volgelingen in 'n fantasiewêreld laat leef en nóg 'n geestelike leermeester wat God se wet op mense afdwing, maak. Deur aan die kruis te bly verlos Christus ons van die Bose se mag van al hierdie valse Christusse. Die gekruisigde Christus maak God die Vader ons Vader en laat ons in die Vader se liefde leef. Dit maak ons vry van al die goddelike vaderfigure wat hulle voorhou as ons versorgers. Omdat Góð ons Vader is, is hulle wat die "vader van die volk" of "die vader van die nasie" wil wees, vir ons net staatsamptenare. Christus gebruik die krag van sy GODHEID as Seun om ons in te sluit en te laat deel in alles wie Hy as MENS aan die kruis en in die graf vir ons was, sodat ons as God se heilige, onskuldige en regverdige kinders die moeilike lewe kan leef waartoe God ons in sy skepping bestem het. Op hierdie wyse bevry Jesus ons van alle geestelike leiers wat met wonderwerke ons van ons aardse lewe en aardse bestemming wil losmaak om een of ander sogenaamde goddelike fantasie te wil beleef. Christus is ons Leermeester wat vir ons 'n nuwe lewenswyse leer wat sy lyding, kruisiging en opstanding vir ons skep. Op hierdie wyse verlos Hy ons van alle mense wat dink hulle kan met God se wet vir ons leer hoe om reg te leef. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Mat. 4: 1 – 11; 23: 8 – 10; 27: 35 44; 28: 18 – 20. Teks: Mat. 6: 9,13: “Ons Vader wat in die hemel is, verlos ons van die Bose.” Tema: 'Ons vra die Vader dat sy gekruisigde Seun ons Here en Christus sal wees.' Wanneer ons bid “verlos ons van die Bose” dan bid ons tot ons Vader wat in die hemel is: “Red ons van die mag van die valse Christusse van die Duiwel deur U gekruisigde Seun vir ons Here en God te laat wees.” Ons bid dat Jesus as die gekruisigde Christus ons Here sal wees en ons van alle ander soorte Christusse wat die Satan opmaak in die plek van Jesus sal verlos!

1. Ons bid tot die Vader van Christus dat Jesus met ons sal wees en sy Vader ons Vader sal laat wees, sodat ons nie afhanklik van die Satan se magtige vaderfigure hier op aarde sal wees nie.

2. Ons bid tot Christus wat ons Leermeester is aan die regterhand van die Vader. Ons bid dat...

- * Jesus ons sal leer hoe om te leef as mense wat Hy insluit in sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding;

- * Hy ons mense maak wat vir God die Vader heilig is, regverdig is, onskuldig en strafloos is;

- * Jesus ons sal red van alle geestelikes wat dink hulle kan ons deur God se wet die regte lewenswyse leer.

3. Ons bid tot Christus wat God met ons is en ons Leier op aarde is.

Ons bid dat...

- * Christus ons in ons aardse lewe sal lei om deel van ons skeppingstake en skeppingsroeping te wees waarvoor God ons in en deur ons gene voor gemaak het;

- * die Here ons sal red van alle goddelike mense wat glo hulle kan met wonderkrag vir ons 'n ander wonderwêreld skep waar ons nie meer deel van die skepping is waarvoor die Here ons gemaak het nie.

So bid ons dat die Here ons van die Satan se valse Christusse sal red deur vir ons die Christus te wees wat aan die kruis gebly het vir ons sonde en nou self God met ons is! Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Vrydag

Mat. 4: 1 – 11; 23: 8 – 10; 27: 35 44; 28: 18 – 20. Teks: Mat. 6: 9,13: “Ons Vader wat in die hemel is, verlos ons van die Bose.” Tema: 'Ons vra die Vader dat sy gekruisigde Seun ons Here en Christus sal wees.' Die gebed dat Jesus Christus ons van die valse Christusbeelde van die Duiwel en sy geestelikes sal verlos, is 'n noodsaaklike gebed wat ons elke dag in hierdie land en wêreld moet bid! Want die Duiwel wil elke dag deur geestelikes se valse Christusbeelde ons geloof in die gekruisigde en opgestane Here breek. Vandag het slim geestelikes wat absolute mag vir die nuwe nasie soek, 'n nuwe politieke plakkaat bokant Jesus se kruis vasgeslaan: “Die koning van die Afrikaners!” Met hierdie magsbeeld waarmee Afrikaanses bespot word, maak hulle die gekruisigde Here van sy Kerk bespotlik omdat hulle wil hê Jesus moet vandag die nuwe Christus vir Afrika wees sodat God nou “Afrika”, en nie meer sy kerk moet seën nie. Vandag is daar elke dag 'n nuwe

profeet en geestelike wat van Jesus iemand maak wat klippe in woestyne brode maak! Hulle beeld 'n Jesus uit wat met goddelike kragte en magte jou losmaak van die swaarkry van hierdie wêreld en jou deel maak van 'n nuwe wonderwêreld waar jy met goddelike kragte en magte nie meer siek is nie, nie meer arm word nie, nie meer met gebrek leef nie, nie meer sukkel met peste en plae nie en sonder reën superoeste kan afbring. Net so bemark geestelikes Christusbeelde waar Christus in elke erediens elke Sondag van die kerk se dak gaan afspring! Elke erediens moet 'n magsvertoning van Jesus word waardeur Hy wys dat hy geestelikes met goddelike mag en krag sal vervul om die goddelose wêreld aan hulle mag te onderwerp. Daarom bid ons elke dag in hierdie wêreld vol valse Christusbeelde: verlos ons van die Bose, wees U, die gekruisigde Seun van die Vader, ons Here. Preek beskikbaar op Google by ngkerkevuvu.co.za Ds. Petrus